# SAOU-lede wil mosie van wantroue indien

**Dawie Boonzaaier**

Lede van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) vra die unie om 'n spesiale kongres te hou sodat 'n mosie van wantroue teen die huidige bestuur ingedien kan word.

Die Forum vir Bekommerde lede van die SAOU (FBSAOU), wat in Mei gestig is, is bekommerd oor beweerde finansiële wanbestuur.

Dit is ondanks die feit dat die bestuur reeds verlede maand vir afgetrede regter Willem Hartzenberg aangestel het om die beweringe te ondersoek.

Een van dié beweringe is dat Chris Klopper, uitvoerende hoof van die SAOU, R3,3 miljoen per jaar kry by meer as een entiteit wat noue bande met die vakbond het en dat hy nie dié veelvuldige inkomste aan sy lede of in die SAOU se finansiële state verklaar het nie.

Klopper is naamlik ook die uitvoerende hoof van die SA Education Foundation (SAEF), wat dienste aan die SAOU lewer. Die SAEF kry die meeste van sy inkomste by die SAOU en sy grootste uitgawe is sy salarisrekening van R5 miljoen vir tien werknemers, van wie Klopper een is.

Die SAOU het eers in April aan *Rapport* erken wie die bestuur van SAEF is nadat *Rapport* SAEF se finansiële state onder oë gehad het.

Lede is ook bekommerd dat hul klagtes aan Hartzenberg, wat gestuur word aan die e-posadres ondersoek.saou@yahoo.com, ontvang word deur Louw Erasmus, wat as woordvoerder van sowel die SAOU as die SAEF optree.



**Chris Klopper, uitvoerende hoof van die SAOU.**

Die SAOU se bestuur het *Rapport* egter verseker dat Erasmus ook hul prokureur is. Die bestuur het voorheen aan *Rapport* meegedeel dat alle klagtes van lede deur hul prokureur aan regter Hartzenberg gestuur sou word.

Volgens die SAOU se bestuur is "in werklikheid" geen klagte oor ongerymdhede ontvang nie. "Daar is wel briewe ontvang waarin besware gelug word oor die proses wat gevolg word," sê die SAOU.

Dié besware is volgens die SAOU-bestuur aan regter Hartzenberg verskaf en sal deel vorm van sy ondersoek.

Vir 'n spesiale kongres om plaas te vind moet drie van die nege provinsiale SAOU-leiers daarvoor vra, of 15% van die SAOU se lede.

ONDERWYS

# Onderwysman in storm oor salaris

Deur **Elaine Swanepoel** | 18 Maart 2018 00:03 | Rapport

Storms woed om die kop van een van die land se voorste onderwysleiers nadat besonderhede oor sy "astronomiese vergoeding" van etlike miljoene rande uitgelek het.



Chris Klopper, hoof van die SAOU.

Chris Klopper, uitvoerende hoof van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU), die vakbond waaraan verreweg die meeste Afrikaanse onderwysers behoort, word ook daarvan beskuldig dat hy ernstige belangebotsings nie verklaar nie en wanvoorstellings aan vakbondlede maak.

Die storm, wat nou al weke lank broei, het Donderdag orkaansterkte bereik toe Klopper 'n beskermingsbevel laat uitreik het aan 'n motorhandelaar, Michael Pashut, in 'n poging om hom stil te maak. Dit is nadat Pashut 'n e-pos met tientalle plofbare beweringe oor Klopper aan duisende vakbondlede gestuur het.

**"Klopper probeer kritikus se mond snoer."**

Pashut is die eienaar van Minibuses Wanted, 'n Johannesburgse motorhandelaar en een van die grootste verskaffers van skoolbusse in die land.

Pashut sê hy het oor die jare "honderde duisende rande" in borgskappe aan die SAOU betaal om toegang te hê tot skoolhoofde by geleenthede waar hy skoolbusse kan smous.

Die verhouding het egter onlangs versuur, waarna Pashut sy e-pos begin versprei het.

Die beweringe wat Pashut maak, sluit in:

+ Klopper verdien 'n "astronomiese" vergoeding van R3,3 miljoen per jaar by meer as een entiteit met noue bande met die vakbond sonder dat hy dié veelvuldige inkomstes aan sy lede of in die SAOU se finansiële state verklaar. Sy vergoedingspakket word ook nie afsonderlik gelys op die vakbond se finansiële state nie.

> **"Ek is bekommerd, want ek weet nie waarvoor my ledegeld aangewend word nie."**

– Gerhard Burger, skoolhoof en lid van die SAOU

Hy verdien boonop R426 299 per jaar as voorsitter van die raad van trustees van die mediese fonds Medihelp – 'n inkomste wat wel op Medihelp se state verklaar word.

Louw Erasmus, Klopper se prokureur, het teenoor *Rapport* erken dat Klopper meer as een salaris verdien, maar sê die salarisse is markverwant en word voldoende in finansiële state verklaar. Hy wou nie sê hoeveel dit is nie.

"Mnr. Klopper het 'n reg op privaatheid met betrekking tot die omvang van sy vergoedingspakket en daar is geen dwingende omstandighede om in die openbaar daaroor kommentaar te lewer nie."

+ Pashut sê verder dat Klopper, in 'n poging tot skadebeheer oor die onthullings oor sy reuse-salaris, verskeie wanvoorstellings oor sy inkomste gemaak het.

So byvoorbeeld het die SAOU aanvanklik gesê Klopper word nie deur die sake-eenheid Finsa betaal nie. Hoewel dit tegnies korrek is, het die vakbond nagelaat om te sê dat hy wel 'n salaris verdien by Finsa se enigste aandeelhouer, die South African Education Foundation (SAEF).

> **"Talle lede is gereed om die vakbond te verlaat."**

Erasmus het die afgelope week teenoor *Rapport* erken dat sy kliënt 'n salaris by die SAEF ontvang en ook bevestig dat Klopper in 2016 'n eenmalige bonus van

ongeveer R18 000 by Finsa ontvang het "uit waardering" vir die goeie finansiële resultate wat Finsa onder sy leiding behaal het.

- Pashut beweer verder dat Klopper en die SAOU hom probeer dwing het om alle skoolbusse wat hy aan skole verkoop, deur Finsa te finansier.

*Rapport* het 'n kopie van 'n SAOU-nuusbrief waarin skoolhoofde gewaarsku word teen motorhandelaars en finansierders wat hulle in die moeilikheid kan bring.

"Die SAOU het geen formele verhouding met enige handelaar of finansierder betreffende die voorsiening van skoolvoertuie nie, buiten met Finsa. Finsa is 'n integrale deel van die SAOU-groep en voldoen aan al die statutêre vereistes," lui die nuusbrief.

Erasmus ontken egter dat dié waarskuwing op Pashut gemik is.

Pashut sê die brief was "ongetwyfeld" op hom gemik en is gestuur enkele dae nadat hy en Klopper 'n uitval gehad het oor die eksklusiewe gebruik van Finsa.

- Nog 'n beweerde wanvoorstelling van die SAOU is dat die vakbond "die enigste begunstigde" is van alle winste wat verdien word deur Finsa en die TO-strandoord, 'n vakansieoord suid van Margate waar onderwysers teen afslag kan vakansie hou.

*Rapport* het egter finansiële state onder oë gehad wat toon dat die SAOU die afgelope twee jaar nie 'n sent uit hierdie ondernemings, waarvan die SAEF die enigste aandeelhouer is, verdien het nie.

Trouens, die SAOU het R1,3 miljoen vir huurgeld en R1,1 miljoen vir administrasiekoste aan die SAEF betaal.

Erasmus het aan *Rapport* gesê "in retrospek" kon die beskrywing van die SAOU as "enigste begunstigde" van al die winste van Finsa en die TO-strandoord duideliker bewoord gewees het en dat hierdie "onelegante" bewoording verwarring onder lede geskep het.

Erasmus erken nou dat dit korrek is dat die SAOU nog nooit enige van die winste van SAEF-beleggings ontvang het nie, maar dat die vakbond wel voordeel trek omdat hulle afslag kry op die huur van hul kantore omdat die gebou aan die SAEF behoort. Vakbondlede kry ook afslag van sowat 11% as hulle by die TO-oord gaan vakansie hou.

- Klopper gee ook voor dat hy die uitvoerende hoof van die SAOU is, terwyl dié pos, volgens die vakbond se grondwet, nie bestaan nie. Volgens die grondwet het die vakbond net 'n verkose president (tans dr. Louis Swanepoel) en 'n "hoofsekretaris".

Erasmus sê Klopper beklee inderdaad die pos van "hoofsekretaris" soos omskryf in die grondwet en hy het nie 'n beswaar om dié titel te gebruik nie omdat die posbeskrywing presies dieselfde as dié van die uitvoerende hoof sal wees.

Sommige vakbondlede is nie tevrede of oortuig deur Klopper se verduidelikings en ontkennings nie.

In 'n brief wat namens 57 skoolhoofde in Mpumalanga geskryf is en wat *Rapport* onder oë gehad het, sê die hoofde dat talle lede gereed is om die SAOU te verlaat indien hulle nie dringende antwoorde en bewyse ontvang wat Pashut se bewerings weerlê nie.

Gerhard Burger, 'n lid van die SAOU en hoof van 'n skool in Bethal, sê hy is bekommerd, want hy weet nie waarvoor sy ledegeld aangewend word nie. "Elke geleentheid of opleidingskursus wat die SAOU aanbied, moet skole self betaal. Dit kos ons R350 per onderwyser as ons opleiding wil doen en skole kan dit dikwels nie bekostig nie."

'n Skoolhoof in die Suid-Kaap het aan *Rapport* gesê hy is ontnugter en het reeds by die vakbond Naptosa aangesluit nadat die SAOU nie sy briewe oor die saak beantwoord het nie.

Erasmus sê die inligtingsessies wat reeds gehou is om die bewerings te weerlê, is goed ontvang en die vakbond is nie bewus van enige lid wat bedank het nie. Die vakbond sal die Mpumalanga-hoofde Dinsdag ontmoet. Hy sê die vakbond het reeds begin met die proses om Pashut vir skade te dagvaar.


Adv. Shaun se besluit: Zuma wil dalk wéér hof toe – 4

Jan Taks se slegte skuld 50% meer – Sake

Rykes drink die meeste pille – 12

Nege skote tref haar. Toe hoor sy God sê: 'Lê net stil.' 8

Aktrise Lindie Stander vat vrou – 3

Rapport NETWERK24 18 Maart 2018

Stormers klop toe griep én die Blues! – Sport

# Onderwysman in storm oor salaris

SAOU-lede woedend oor baas se miljoene

Chris Klopper, hoof van die SAOU.

Talle lede is gereed om die vakbond te verlaat.

Klopper probeer kritikus se mond snoer.

"Ek is bekommerd, want ek weet nie waarvoor my ledegeld aangewend word nie." – Gerhard Burger, skoolhoof en lid van die SAOU

Wie het vergeet waar hy sy limo parkeer het? – 5

Die verdelende wêreld van TransforMaties – Weekliks

Dokter toe of boererate vir jou siek kind? – Beleef

R25.00

ONDERWYS

# Klopper gee toe die geld terug

Deur **Verslagspan** | 15 April 2018 00:01 | **Rapport**

Chris Klopper, uitvoerende hoof van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU), het ná druk van sy vakbondlede 'n bonus van R18 000 wat hy van 'n vakbond-filiaal verdien het, terugbetaal.



**Die onderwysman Chris Klopper verdien twee salarisse.**

Hy en sy kollegas ontken egter ongerymdhede en sê dit was net 'n gebaar sodat mense ophou om hom verdag te probeer maak.

Klopper sê egter steeds nie hoeveel geld hy in totaal by al die filiale van die SAOU verdien. Hy is uitvoerende hoof van SAOU én van die SA Education Foundation (SAEF) wat dienste lewer aan die SAOU.

*Rapport* het verlede maand berig oor omstredenheid van die vakbond se geldsake. Klopper en lede van die SAOU-raad het Vrydag in 'n vergadering met *Rapport* oop kaarte gespeel oor die SAEF, die redes vir sy stigting en die verhouding tussen die SAEF en die SAOU. Teenwoordig was Klopper, SAOU-president dr. Louis Swanepoel, voormalige president Corn Booyens, en Louise Lemmer, adjunk-president van die SAOU.

Dit volg ná weke se bontpratery oor die SAEF en die vakbond se geldsake.

**Dit blyk nou:**

Die SAEF is in die vroeë 1990's gestig om die bates van die ou Transvaalse Onderwysvereniging (TO) te beskerm. Die vrees het destyds bestaan dat die regering op 'n enkele onderwysvakbond sou aandring en dat al die TO-bates – soos sy hoofkantoor in Garsfontein in Pretoria – die eiendom van die nuwe supervakbond sou word.

Die TO, wat later deel geword het van wat nou SAOU is, het dus die gebou in Garsfontein en ander bates aan die voorganger van die SAEF geskenk en sedertdien tree die SAEF op as die SAOU se "diensteverskaffer".

Die vakbond betaal dus nou huur en administrasiekoste vir 'n kantoorruimte wat nie nodig sou wees indien die TO-lede dit saamgeneem het na die SAOU nie. Booyens sê die besluit is in 'n ope vergadering geneem en almal was bewus van die situasie, maar nuwer lede is duidelik nie bewus van die geskiedenis nie.

> **"Klopper en die ander raadslede sê die SAOU en SAEF funksioneer onafhanklik van mekaar."**

Klopper en die ander raadslede sê die SAOU en SAEF funksioneer onafhanklik van mekaar. Voorbeelde van die onafhanklikheid is aparte grondwette, verskillende ouditverslae en raadsvergaderings op verskillende dae. Al die SAEF-bestuurslede beklee egter leiersposte in die SAOU.

Die SAEF se noemenswaardigste inkomste is die R1,3 miljoen wat hy uit die SAOU verdien terwyl sy grootste uitgawe salarisse van R5 miljoen is. Dié rekening is vir 10 werknemers. Klopper is een van die "werknemers" en verdien dus twee salarisse – 'n verklaarde salaris wat op die vakbond se finansiële state weergegee word; en 'n salaris wat verklaar word aan SAEF-belangehouers, maar nié aan SAOU-lede nie.

Klopper ontken dat daar 'n botsing van belange is om 'n heeltydse werk as hoof van die SAOU te hê en ook vergoed te word om via die SAEF dienste aan die SAOU te lewer.

Hy sê dit is 'n finansiële reëling tussen die twee organisasies om by te dra tot 'n salaris wat markverwant is. Die SAOU gebruik 'n eksterne maatskappy om die gepastheid van salarisse te beoordeel, sê hy.

Die SAEF het vroeër geweier om hul finansiële state en grondwet aan Rapport te gee. Dit is bekom by die departement van maatskaplike ontwikkeling waar dit volgens wet vir enigiemand beskikbaar is.

Klopper en Swanepoel het Vrydag gesê hulle gaan nou meer deursigtig wees vir lede.

+ Ander SAOU-leiers word ook deur die SAEF betaal. Swanepoel (president van die SAOU en voorsitter van die SAEF) en Klopper ontvang albei "raadsgeld" van R33 344 per jaar en R1 168 elke keer as hulle 'n vergadering bywoon. Swanepoel ontvang ook 'n voorsitterstoelaag van R2 477 per maand.

NETWERK24

TUIS NUUS SPORT SAKE STEMME VERMAAK LEEFSTYL MOTORS E-PUBLIKASIES SOEK

ALGEMEEN

# SAOU vra regter om beweringe te bekyk

Deur Dawie Boonzaaier | 20 Mei 2018 00:40 | Rapport

Die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) se bestuur het besluit om 'n afgetrede regter aan te stel om beweringe van finansiële ongerymdhede te ondersoek.

Dit is die kompromis wat deur die SAOU se bestuur gegee is nadat verskeie skoolhoofde en organisasies gevra het dat beweringe deur Michael Pashut oor finansiële wanbestuur ondersoek moet word.


Chris Klopper, uitvoerende hoof van die SAOU. Foto: Verskaf

Pashut is die eienaar van Minibuses Wanted, een van die grootste verskaffers van skoolbusse in die land. Hy beweer onder meer dat Chris Klopper, uitvoerende hoof van die SAOU, R3,3 miljoen per jaar kry by meer as een entiteit met noue bande met die vakbond en dat hy versuim om dié veelvuldige inkomste aan sy lede of in die SAOU se finansiële state te verklaar.

Die SAOU se dagbestuur ontken dat daar enige ongerymdhede was.

"In al die menigte skrywes van mnr. Pashut het hy nie een feit geopenbaar wat dui op finansiële ongerymdhede nie. Dit moet duidelik verstaan word dat die dagbestuur van die SAOU enige bewerings van ongerymdhede in die bestuur van die SAOU se finansiële sake met minagting verwerp," sê Klopper.

Klopper is die uitvoerende hoof van die SA Education Foundation (SAEF), wat dienste lewer aan die SAOU. SAEF kry die meeste van sy inkomste by die SAOU en sy grootste uitgawe is sy salarisrekening van R5 miljoen vir tien werknemers, van wie Klopper een is.

Volgens Klopper word die boeke van sowel die SAOU as SAEF jaarliks deur onafhanklike ouditeure geoudit en was daar nog nooit sprake van finansiële wanbestuur nie, maar die SAOU het nietemin nou vir regter Willem Hartzenberg aangestel om die beweringe te ondersoek.

Die SAOU en die SAEF vra Hartzenberg om te beslis:

¦ Of die struktuur van die bestuur van die onderskeie entiteite binne die SAOU nadelig vir die lede van die SAOU is of kan wees;

¦ Of daar prosedurele onreëlmatighede was met die vasstelling van Klopper se vergoedingspakkette;

¦ Of daar in die verkiesing van die leiers van die dagbestuur van die SAOU onreëlmatighede was; en

¦ Dat Hartzenberg beweerde finansiële wanbestuur ondersoek.

NUUSBULLETIN GEWILDSTE

1. Vrystaatse boer slaan glo 2 ander boere dood
2. Trump bly 'Melanie' is tuis ná operasie
3. Hoërskool-kinders na hospitaal ná drank vloei
4. 'Ek het my respek verdien,' sê Ashwin
5. 7-jarige wag in hoofpad langs beseerde ma

Stemme

Hanlie Retief
Rubriekskrywer


Hanlie Retief is 'n bekroonde skrywer en aanbieder van 'n Halfuur met Hanlie op Via.

Hanlie Retief gesels met Jo Black
Hanlie Retief gesels met Christo Wiese

komonskliek
DEEL VAN NETWERK24

MANS VROUE SOEK


goedgatvolviralleen
Ek is lief vir mense, maar ook die stilte. Ek hou van die beskawing maar leef vir die natuur. Ek is energiek en betroubaar. Passievol oor die lewe, verafsku onregverdigheid. Ek...


Quinton
vra n man wat 10 keer gedrop is, as hy plek kry, dan speel hy sy hart uit. net so

SKAKELS

15°C / 18°C

Die SAOU se dagbestuur het lede "met prima facie-getuienis" in 'n omsendbrief uitgenooi om tot 25 Mei 2018 klagte in te dien.

SAOU-lede kan volgens Klopper vir 'n forensiese oudit vra, "maar dit moet via hul demokraties verkose verteenwoordigers en die provinsiale uitvoerende raad geskied".

Volgens Klopper is geen formele versoek ontvang nie.

"Hierdie ontevrede lede verkies na ons oordeel eerder die Pashut-benadering, en dit is om hul eie demokraties verkose leiers te ignoreer en om by wyse van kwaadwillige en ongesubstansieerde stellings die versoek te rig," sê Klopper.

Pashut sê beweringe van die SAOU se dagbestuur dat hy besig is met 'n "smeerveldtog" is ongegrond.

**Meer oor:** Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (Saou) | Michael Pashut | Bewerings | Beweringe | Finansiële Ongerymdhede | Oud-Regter | Ondersoek

## MyStem: Het jy meer op die hart?

Stuur jou mening van 300 woorde of minder na MyStem@netwerk24.com en ons sal dit vir publikasie oorweeg. Onthou om jou naam en van, 'n kop-en-skouers foto en jou dorp of stad in te sluit.

## Ons kommentaarbeleid

Netwerk24 ondersteun 'n intelligente, oop gesprek en waardeer sinvolle bydraes deur ons lesers. Lewer hier kommentaar wat relevant is tot die onderwerp van die artikel. Jou mening is vir ons belangrik en kan verdere menings of ondersoeke stimuleer. Geldige kritiek en meningsverskille is aanvaarbaar, maar hierdie is nie 'n platform vir haatspraak of persoonlike aanvalle nie. Kommentaar wat irrelevant, onnodig aggressief of beledigend is, sal verwyder word. Lees ons volledige kommentaarbeleid hier

Welcome to Disqus! Discover more great discussions just like this one. We're a lot more than comments.

Get Started

Dismiss ×

1 Comment Netwerk24 Mandy Ronaldson

Recommend Share Sort by Best

Join the discussion…

**Frik Potgieter** • 2 hours ago

Rook trek uit hierdie vuur

• Reply • Share ›

Subscribe Add Disqus to your siteAdd DisqusAdd